**STIGTING VOC (CABO) (*anno* 1995) / VOC (CABO) FOUNDATION (*anno* 1995)**

Internet: https://voc-kaap.org/. E-pos/E-mail: voccabo@gmail.com Skakel/Contact: Sekr./Secr.: Adv. M.G. Upham Finansies /Finance: S. de Kock Bank: Nedbank, Somerset-WesRek./Account. no. 1145512305 Rek. naam/Account name: 'Stigting VOC'

©



*De Roeper*

*De Roeper / 40*

*Welaen Vrunden!*

Ons wil graag ons lede inlig dat **Paul Phillip van der Linde** se lesing uitgestel moet word. Ons vra om verskoning vir die ongerief. Die praatjie sal dus aanskuif na die volgende datum:

**Saterdag 4 Januarie 2025 in die Groote Kerk, Kaapstad; tyd: 10:00**

***Die Groote Kerk: Die argitektoniese geskiedenis (1677-1841) en sommige van die persoonlikhede wat met die kerk geassosieer word***

**Paul Phillip van der Linde** het in 2022 sy meestersgraad in Historiese Studies (*cum laude*) aan die Universiteit van Kaapstad verwerf, waar sy navorsing die vorming van 'n agrariese klas wat saamgestel is uit voorheen verslaafdes ('vryswartes'; *vrijzwarten*) in die Nederlandse Kaapkolonie tussen 1679 en 1710. Die ekstrapolering van sy bevindinge na kontemporêre Nederlandse kolonies vorm 'n sleuteldeel van Paul se huidige PhD-projek aan die Radboud Universiteit, Nijmegen (Nederland). Sy primêre navorsingsdoelwit is om 'n omvattende verslag te verskaf wat die kommodifikasie en benutting van grond in die Nederlandse koloniale ryk gedurende die sewentiende en agtiende eeue uiteensit. In samehang met sy PhD-navorsing stel Paul ook baie belang in die ontwikkeling van volksargitektuur aan die Kaap gedurende die Nederlandse tydperk. Een van die geboue wat hom die meeste gefassineer het, is die Groote Kerk in die middel van Kaapstad. Lees gerus wat hy geskryf het oor hierdie gebou in ons onlangse 2024 *Generale Missive* uitgawe 2, *For Whom the Bell Tolls: The Fate of the First Groote Kerk, 1704-1834*. In sy komende lesing sal Paul die argitektoniese geskiedenis van die terrein bespreek, vanaf sy ontstaan as begraafplaas in 1677 tot die voltooiing van die huidige kerk in 1841, asook van die persoonlikhede wat met die kerk geassosieer word. VOC (Cabo) Stigtinglede kan ook uitsien na 'n begeleide toer deur die kerkgebou en die kloktoring. Bring gerus vriende, familie en belangstellendes saam!

Ons sien uit om hierdie lesing te hoor.

*Behouwde vaert!*

A. Giardini (Voorsitter)
25 November 2024